# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Die wet is ons tugmeester na Christus toe

**Skriflesing:**
Galasiërs 3:1-29
(2020)

**Teksvers:**
Galasiërs 3:24

**Sing:**
Ps 119:1, 4, 7
Sb 12-2:1, 2, 3, 4, 5
Ps 40:3, 4
Sb 9-1:1, 2, 4, 10, 11
Ps 19:4
Ps 119:39, 62, 63
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Lourens Venter

Die wet leer ons om te glo. Dit is in kort waarop hierdie woorde uit Galasiërs neerkom. Want u sien, die belofte van God is lank voor die wet afgekondig. Geloof kom voor die wet. Daarom begin die afkondiging van die tien gebooie met die woorde: Ek is die Here jou God wat jou verlos. Dit is op grond van die verlossing wat die wet aan die volk gegee word, nie andersom nie.

In Eksodus 19 verklaar God dat Hy van sy volk 'n koninklike priesterdom maak. Dit strook ook met die woorde uit Openbaring 1 dat ons konings en priesters vir ons God gemaak word. So het God die wet gegee as 'n tugmeester, as 'n onderwyser sodat ons by Christus kan kom.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die maagdelike geboorte van Jesus Christus

**Skriflesing:**
Genesis 3; (1953)
Luk 1:26-38;
Matt 1:18-25;
Galasiërs 3:15,16

**Teksvers:**
Gen 3:15

**HK:** Sondag 14

**Sing:**
Ps 68:13,15
Sb 4-1:1,2,5,6
Sb 5-3:1,2
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Maarten van Helden

Wat in HK Sondag 14 geleer en bely word is vir sekere mense onaanvaarbaar omdat dit alle wetenskaplike grense oorskry.

Wanneer ons egter die werklike diepte van sondeval sou begryp, dan sal jy ook verstaan dat slegs 'n bo-menslike en bo-natuurlike ingrype, soos 'n maagdelike geboorte (asook 'n opstanding uit die graf en dood), die mens en hele skepping van daardie sonde-vloek kan verlos.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 28 20 Aug 2023**


## Verootmoediging bring ons nader aan God

Dit is 'n noodsaaklikheid dat gelowiges God eer deur onsself nederig voor die aangesig van God te stel, om voor Hom neer te buig – om bereid te wees om verneder te word voor die kragtige hand van God.

Waarom vorm verootmoediging so 'n kerndeel van ons aanbidding tot God?

In Jakobus 4:7-10 (2020) staan geskrywe: "*Onderwerp julle dus aan God. Weerstaan die Duiwel, dan sal hy van julle wegvlug. Nader tot God, dan sal Hy tot julle nader. Reinig julle hande, sondaars, en suiwer julle harte, dubbelhartiges! Weeklaag en treur en huil! Laat julle lag in droefheid verander, en julle blydskap in somberheid. Verneder julle voor die Here, dan sal Hy julle verhoog*".

Verder in 1 Petrus 5:6 (2020): "*Daarom, verneder julle onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle op die regte tyd kan verhoog*".

In tye van swaarkry en beproewing roep die kerk soms 'n dag van verootmoediging. Alhoewel 'n oproep van dié aard heeltemal geregverdig kan wees gegewe die konteks van sekere omstandighede, moet daar egter daarteen gewaak word om die beweegrede vir 'n dag van verootmoediging te plaas buite ons eie geloofslewe. Daarom geskied dit onder leiding van die kerkrade.

Verootmoediging is vanuit die staanspoor 'n erkenning van ons eie menslike swakheid en sondige natuur. Dit is 'n diep betekenisvolle proses is van gereedmaking om ontvanklik te wees vir die werking van Heilige Gees in ons lewe.

Dit is daarom dat die Kerkraad, na aanleiding van 'n onlangse versoek om 'n Dag van Verootmoediging aan te kondig, besluit het om 'n gebed vir die gemeente voor te hou in die lig van die diep krisisse wat die land en sy mense te staan kom. Verder dat ons as 'n gemeenskap van gelowiges in aanbidding die betekenis van ootmoed deur prediking herontdek, en ons nederig voor die Here te stel.

Deur ons te verootmoedig voor die Here stel ons ons hart en siel oop, sodat die Heilige Gees in ons kan meewerk om ons nader aan God kan wees.

Vervolg bl 2...

...vervolg van bl 1

# Gebed

"*Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word. Laat u Koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En vergeef ons ons skulde, soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan. En bring ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid*"

Ons Vader, daar is niks wat ons ontvang wat nie uit U hand kom nie, daar is ook niks wat ons ontvang wat nie uit genade van U is nie. Ons as gemeente is vanoggend bymekaar om U te dien, om u Naam te loof en prys, en ons afhanklikheid tot U te verklaar.

Maar ons is ook hier om ons voor U te verootmoedig. Ons wil ons sondes voor U bely.

Volgens Daniël 9:10ev wil ons bely…
"[10] *Ons was nie altyd aan U, Here ons God, gehoorsaam nie…*
*ons het nie altyd volgens u wil gelewe nie…"*

Ja, ook ons het oortree en gesondig. Daarom smeek ons om genade en vergifnis en uitkoms. Uitkoms nie tot ons eie voordeel alleen nie, maar dat ons uit diepe dankbaarheid U alleen sal dien en aanbid.

Ons wil U van harte dien en eer en verheerlik.Mag u hierdie oggend, en in besonder by die bediening van u Woord, seën, dat ons harte ontvanklik daarvoor sal wees en dat die Heilige Gees by ons mag wees waar ons u konkinkryk verder uitbou.

Here, ons bid tot U in uitdagende omstandighede waar dit voorkom of die swaarkry en onsekerheid, net te veel raak. Ons bid tot U vanweë die afvalligheid van mense en die aanslag wat op u Woord is.

Stoflik is daar 'n algehele verval van openbare infrastruktuur, misdaad op onaanvaarbare vlakke, onverantwoordbare leierskap, die misbruik van mag, die voortslepende kragkrisis, 'n kwynende ekonomie, onvolhoubare sosio-ekonomiese omstandighede van armes en werkloses - die lys kan aangaan. Here, dit voel asof ons uitgelewer is aan al die elemente. Al hierdie omstandighede bring verskeie beproewinge mee.

En geestelik, Here, weet ons ook die aanslag op die Kerk en op u Woord, is nog groter - en dit kom vanuit die mens se ongehoorsaamheid aan U. U Naam word ydelik gebruik, beswadder en bespot - die beskouing van die mens asof ons in beheer is, en as die bepaler van goed en kwaad, as foutloos en sondeloos, vier hoogty. Die sondige tendens is besig om al meer momentum in die wêreld te verkry.



# GK Centurion Gemeentekamp—Weesgerus

**22 - 25 Sept**

- ◊ Kamppeerplek R630pn vir 6 mense.
- ◊ 3 x 5 Sleeper Chalets R2170pn (1 kamer met 2 beddens en slaapbanke vir 3 persone).
- ◊ 12 x 6 Sleeper Chalet R2770pn (2 kamers met 2 beddens en slaapbanke vir 2 persone).

**Pryse sluit etes in. Bring eie drank en versnapperinge saam.**

Om kostes te verlaag en koinoinia aan te moedig vra ons lidmate om chalets/kampplekke te deel.

Kontak u diaken of Fred Reynecke 083 255 9900 om u plek te bespreek

## Gereformeerde Kerk Centurion

Kerkkamp 22-25 September 2023

**DIEN die Here met BLYDSKAP**

| | |
|---|---|
| Vrydag 22 September | |
| | Aankoms en kamp opslaan |
| 18:00 | Kom en Braai |
| 19:00 | Wees bly en Raak vrolik |
| 21:00 | Aand Afsluiting |
| Saterdag 23 September | |
| 07:00 | Koffie en Beskuit |
| 08:00 | Bedroef en Beproef |
| 11:00 | Brunch (skottelbraai) |
| | Siesta |
| 14:00 | Dopperspele |
| 18:00 | Braai en kuier |
| 19:30 | Olik Vrolik |
| 21:00 | Afsluiting |
| Sondag 24 September | |
| 08:00 | Koffie en Beskuit |
| 09:00 | Erediens |
| 11:00 | In die kring van die potters (bring potjie) |
| 15:00 | Ete |
| 18:00 | Aandgodsdiens |
| 19:00 | Afsluiting |
| Maandag 25 September | |
| 10:00 | Vertrek |

**Te koop** - opregte, SACBR Geregistreerde Dalmatian hondjies. Geënt en ontwurm. Reuntjies & tefies R5500. Kontak Jeske 081 251 9617.

Ons by OPPI STOEP sal **enige funksie** graag vir jou wil doen teen n billike prys. Kontak Johan Wiegand 082 498 6314.

**Soek dringend** 1 sk/batchalor woonstel. R3000-R4000pm. Verkieslik Lyttelton omgewing naby Unitas Hospitaal. Voor einde September. Kontak Terblanche Kruger 082 525 0254.

## Toer na Turkye en Griekeland 2024

Twee weke vanaf 28 Junie 2024 saam met gesoute toerleier Ds Maarten van Helden.

Bespreek nou 0721431855

## Biltong beskikbaar

Rooihartbees biltong @ R150 per pakkie

Rooihartbees droëwors @ R200pkg

**Navraag**

Die persoon wat hoenderlerwers en kaassous in die vrieskas geplaas het moet asb vir Tjaart van der Walt – 082 824 2933 kontak.

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 19:00

- - - -

## **Ouventus** (25 plussers)

Woensdag om 19:00

23 Aug, 6 Sep, 20 Sep

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.






Here, ons draai juis daarom as 'n gemeente na u toe U is 'n God van liefde en genade, u oordeel is regverdig. Ons bid daarvoor Here, dat:

- <u>Vir die huisgesin</u>: Mag U, u hand van beskerming oor elke huisgesin plaas, mag die man en vrou hul unieke rol soos u in u Woord vir ons leer, nakom. Ons bid vir die welstand van kinders, sodat kinders onderrig mag word in u Woord. Sonder kennis van u Woord, en sonder die werking van die Heilige Gees in elkeen, sal die uitdagings van die tyd ondraagbaar wees.
- <u>Vir die gemeente</u>: Ons dank u vir die groot seën in ons gemeente, vir broers en susters wat ywerig werk om u Woord te verkondig, dat ons gemeente deel vorm van die gemeenskap van gelowiges. Ons dank U dat u vir die gemeente so goed voorsien en bid, gee volharding in geloof vir elkeen.

Ons Almagtige God, ons bely ons swakhede en sondes voor U en bid vir vergifnis. Ons bid vir versterking deur die Heilige Gees omdat ons weet óns hoop is in ons Hemelse Vader wat die hemele en die aarde geskep is, en in u Seun Jesus Christus ons Here.

Ons bid dat ons oë op u gerig sal bly, dat ons gemoed nie deur stoflike sake afgetakel word afvallig word in ons geloofslewe nie.

Ons bid dit in die Naam van ons Here Jesus Christus

AMEN.

Dag van verootmoeding – GKSA – 18 Junie 2023

Oudl Werner Human

## Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

*Die Brief aan die Efesiërs*

*Uitverkies tot lof van Sy heerlikheid*

***Almal welkom***

**Plek**: Geref Kerk Centurion
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: Ds Riaan Andersen
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 082 772 7718

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

| | |
|---|---|
| **20 Aug** | |
| Christi Venter | Blok C |
| Lourette vd Berg | Blok B |
| Bieuwkje Pretorius | Blok A |
| **27 Aug** | |
| Elize vd Berg | Blok A |
| Louisa vd Walt | Blok B |
| Doret Pretorius | Blok C |



## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Dien die Here met blydskap

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 18, Ps 105:5 Volgende week: Les 19, Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Expando

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## *Verjaasdae*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Aug | Marlize | Bond | B04 | 27832599446 |
| 21-Aug | Quinton | Pretorius | A12 | 27820605444 |
| | Hanneke | Swanepoel | A18 | 27824908184 |
| 22-Aug | Gustav | Hoffmann | A02 | 27832004067 |
| | Pieter | Pretorius | C08 | 27716002708 |
| | Anna | Venter | B07 | 27827733902 |
| 23-Aug | Douw | Breed | A08 | 27826833553 |
| | Eugene | Oosthuizen | A16 | 27825525607 |
| | Frikkie | Pelser | A05 | 27827808756 |
| | GJ | Pretorius | A03 | 27728628738 |
| 24-Aug | Reg | Horak | B12 | 27842510685 |
| | Emmie | vd Zee | B07 | 27725934316 |
| | Louis | v Staden | A15 | 27829407111 |
| | Phillipa | Weyer | A11 | 27832320337 |
| 25-Aug | Lenie | Myburgh | A06 | 27822293993 |
| | Lizette | Reinecke | A12 | 27834475822 |
| 26-Aug | Cecilia | Coetzee | C08 | 27829273146 |
| | Johan | Reinecke | B11 | 27788938903 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Aug | Anneme | Venter | A04 | 27714855995 |
| | Wilmie | Venter | A04 | 27714855995 |
| 21-Aug | Leah | Erasmus | B09 | 27833566579 |
| 23-Aug | Christiaan | Jacobs | B14 | 27833567597 |
| 24-Aug | Pieter | Mulder | C12 | 27829680474 |
| 25-Aug | Melindi | Venter | B17 | 27728007454 |
| 26-Aug | Danie | Kruger | B09 | 27820811030 |

## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Antoinette Jv Vuuren het geval en albei haar voete gebreek, sy sterk tuis aan (B4—072 444 1182).
- Billy du Toit sterk aan in Midstream hospitaal (C13—655 0235).
- Willem Prinsloo sterk aan in Midstream hospitaal (C15—082 900 8495).
- ***Meelewing*** word betuig met:
- Laurette Snyman en familie na die afsterwe van Retief. Die begrafnis vind plaas op Donderdag, 24 Aug om 11:00 te Olivenhoutbosch begraafplaas en 12:00 te GK Centurion.
- Familie en vriende van Ella White wat gedurende die week oorlede is. Besonderhede van die troosdiens sal later bekend gemaak word.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***




**Alethea Outreach 11:00**
Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: Psalm 19
Rev Lourens Venter